
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 10.



Daar is 'n skerp pyn in Oloff se linkersy. Hy is bewus daarvan, maar dit is asof dit skaars deel van sy gevoelens is. Haak het lomp probeer orentkom, maar 'n vuishou met Oloff se volle gewig daaragter laat hom soos 'n os neerslaan.
Nie 'n oomblik het Oloff aan die onbesonnenheid van sy daad gedink nie. Sy volle verstand is ingespan en daarop toegespits om met Suzanne hier uit te kom. Hy gryp haar aan die hand en trek haar agter hom aan, want binne enkele sekondes mag talle van seerowers op hom toesak.


Buite in die gang steek hy vas. Vlugtig kyk hy heen en weer voordat hy besluit na watter kant toe hy moet koers vat.

Sofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 10.

60+2 = 62s



,,Skiet, jou onnosel!'' sis 'n hees stem uit die donkerte vlak voor die twee mans wat met die systraat opstap van die strand se kant af.

Skaars val die hees gefluister op hul ore of die twee spring gelyk en blitsvinnig in die skaduwee van die muur langs hulle. Elkeen het 'n pistool uit sy gordel gepluk en staan nou roerloos, met ingehoue asem, onderwyl sy blik die stikdonkerte probeer deurdring.

,,Ek kan hom nie te goed sien nie,'' brom die tweede stem gespanne.

,,Daar gaan hy! Kyk, hy hardloop gebukkend. Skiet, man!''

,,Moet liewer nie!'' keer 'n derde persoon. ,,Die knal van die skoot sal nuuskieriges lok.''

Die korter een van die twee gestaltes teen die muur leun nader na die ander sodat sy lippe skaars 'n duim van sy oor is. Sy stem is so sag dat dit nie na veel meer as harde asemhaling klink nie, maar elke woord is duidelik.

,,Blykbaar is dit nie op ons wat hulle wil skiet nie, Henning,'' merk hy droog op.

,,Ja,'' antwoord Henning. ,,Hulle is heeltemal onbewus van ons. Ek dink nie dat hulle ons voetstappe in die sandpad kon hoor nie. Wat dink jy is aan die gang, Oloff?''

,,Ek weet nie. Kom ons luister. Dalk sal ons agterkom.''

,,Hy hardloop dwars oor die straat,'' hoor hulle weer die stem wat hulle oorspronklik so haastig laat opsy spring het. Die man klink ongeduldig. ,,Jy kan hom maklik plattrek.''

,,Maar ek sê jou. . .'' begin die derde weer.

,,Ons sal weg wees voor iemand hier kan opdaag!'' snou die eerste hom toe. ,,'n Dooie man kan nie praat nie.''

,,Maar sê nou ek skiet mis,'' meen die tweede.

,,Nou maar kom dan. Laat ons hom agternasit. As hy ontsnap sal ons persoonlik aan kaptein Haak verantwoording moet doen. Ek sterf liewer as om onder sy kloue deur te loop.''

,,Dan is dit nog een van Haak se slagoffers,'' fluister Henning.

,,Volgens gerugte het hy nou al drie man gedurende die afgelope week of wat deur sy sluipmoordenaars om die lewe laat bring.''

,,Sulke dinge gebeur maar gedurig in Deelenbaai, Henning,'' sug Oloff. ,,Al wat my hinder, is dat geeneen van die drie waarvan ons weet Deelenbaaiers of gewone seerowers is nie. Dit gee 'n mens die indruk dat dit nie sommer die normale soort twis en doodslag is wat alewig aan die gang is nie. Maar ons moet probeer om die man te red. Ek sal graag wil hoor wat hy te vertel het, afgesien van die feit dat hy dalk onskuldig mag wees.''

,,Dit is gevaarlik om jou met sulke sake in te meng, Oloff,'' probeer Henning hom keer. Maar Oloff het reeds teen die muur afgeskuif tot by die hoek waaragter hulle die gefluister gehoor het. Henning volg hom en hulle loer daarom.

'n Paar strate verder is die stowwerige hoofstraat van Deelenbaai. Teen hierdie tyd van die aand het meeste van die inwoners van die smokkelaarsdorp daar in die tapperye en vermaaklikheidsplekke vergader. Daar is geen straatligte in Deelenbaai nie en die res van die hawedorp is dus in donkerte gehul.

Nou kan Oloff en Henning drie gestaltes 'n entjie voor hulle dofweg onderskei teen die effense gloed van die hoofstraat se kant af. Op daardie oomblik sien hulle 'n vierde gestalte 'n hele ent verder aan om 'n hoek verdwyn in die volgende systraat wat parallel loop met dié waarlangs Oloff en Henning gestap het.

,,Daar gaan hy!'' roep een van die drie sluipmoordenaars uit. ,,Laat ons hom inhaal!'' en sonder meer trek hulle weg en hardloop agter die vlugteling aan.

,,Kom,'' sê Oloff saaklik. ,,As ons reguit met hierdie straat ophardloop en dan regs swenk, kan ons hulle dalk voorkeer.''

Hy wag nie om te kyk of sy vriend agter hom aankom nie—hy weet dat dit die geval sal wees—maar nael so vinnig soos hy kan en die lang, lenige Henning slaag net daarin om by te bly. Sonder aarseling hardloop hulle in die volgende straat af. Hulle wend geen poging aan om hulle te verskuil nie, want niemand wat in hulle





rigting kyk, sal iets kan sien nie, alhoewel Oloff-hulle voorwerpe tussen hulle en die hoofstraat duidelik kan onderskei.

Hulle is halfpad na die straat waarin die man opgevlug het toe hy om die hoek kom en in hul rigting draai.

Dit is duidelik dat hy iewers 'n rukkie moes geskuil het, want die afstand wat hy afgelê het sedert Oloff-hulle hom laas gesien het, is skaars die helfte van dié wat Oloff en Henning afgelê het. Dit het sy ondergang bewerkstellig, want sy agtervolgers het onverpoosd voortgehardloop en nou is hulle kort op sy hakke.

Oloff hoor die dowwe slag. Hy sien die man struikel en stil lê.

Dadelik kom hy tot stilstand en gryp Henning se arm toe dié by hom verbyhardloop. Hy het sy pistool nog in sy regterhand en nou roep hy hard uit.

,,Wat doen julle daar?'' Hy wend hom tot Henning. ,,Ons moet hulle nie die indruk gee dat ons ons met sulke sake wil inmeng nie. Tree op asof ons maar net toevallig hier op hulle afgekom het.''

Daar is geen antwoord van die drie mans nie. Oloff kan hulle gestaltes egter nog onderskei en hy weet dat hulle hom gehoor het, maar dat hulle nie kan sien wie hulle aangespreek het nie. Oloff stap versigtig nader soos iemand onder sulke omstandighede sal doen.

,,Wie is daar?' verneem een van die drie uiteindelik.

,,Kaptein Oloff van die Seewraak en kaptein Henning van die Jansje Meer.''

,,Kaptein Oloff!'' Daar spreek ontsag uit die man se stem vir hierdie naam.

,,Ja,'' antwoord Oloff skerp, want hy is nou heeltemal oortuig dat hy maar met 'n paar van kaptein Haak se seerowers te doen het. ,,Wat vang julle aan?''

,,Hierdie. . . hierdie man, kaptein,'' stamel die spreker en beduie na die gestalte op die grond toe Oloff en Henning hulle bereik, ,,hy. . . hy het geld gesteel. . . hy het van my geld gesteel. Ons het die lae skurk ingehaal en katswink geslaan.''

,,Is hy dood?'' verneem Oloff.

,,Ek weet nie, kaptein. Ek het hard geslaan.''

,,Dit maak ook nie saak nie,'' sê Oloff ongeërg onderwyl hy sy pistool in sy lyfband steek en sonder 'n verdere woord verbystap. Henning volg sy voorbeeld.

,,Jy het 'n wyse ding gedoen om nie verder uit te vra nie, Oloff,'' sê Henning toe hulle buite hoorafstand is.

,,Dit is die enigste manier waarop ons nog in hierdie seerowernes kan bestaan,'' antwoord Oloff gedemp. ,,Ons moet voorgee dat gebeure soos hierdie ons net so min raak as vir hulle wat geen menslike gevoel meer het nie.''

,,Jy sou tog probeer het om die man te help,'' sê Henning droog, ,,as jy nie geweet het dat hy wel dood is nie.''

,,O,'' merk Oloff op. ,,Ek moet jou gelukwens met jou skerp oë. Dan het jy ook die mes in sy rug gesien? Ja.'' Hy sug. ,,Ons kon niks vir hom doen nie.'' Hy aarsel. ,,Ek is tot vervelens toe sat vir hierdie bestaan, Henning—nie vir die rol wat ek daarin speel nie. Maar vir die feit dat daar 'n plek op die aarde kan wees soos Deelenbaai—'n plek waar dinge soos hierdie daagliks gebeur en waar dit aanvaar word as doodnormaal. 'n Harde woordewisseling tussen bure in 'n ordentlike gemeenskap verwek groter opspraak as moord in Deelenbaai. Ons moet 'n einde daaraan maak, Henning. Ons moet hierde plek vernietig. Ons moet verhoed dat sulke dinge gebeur.''

Henning Roux lewer geen kommentaar nie. Hy ken die buie van sy vriend en hy weet hoe diep hy voel oor die onreg wat deur die seerowers gepleeg word—in so 'n mate dat hy dit sy lewenstaak gemaak het om hierdie euwel te bestry. En Henning is sy lewe aan Oloff verskuldig; hy sal hom deur dik en dun volg. Nou sê hy niks. Hy laat Oloff uitpraat.

,,Tot dusver,'' hervat Oloff, ,,was ons tevrede om maar 'n kaperboot hier en 'n kaperboot daar die dieptes in te stuur. Ons het soveel onskuldige lewens as moontlik gered, maar dit is nie genoeg nie, Henning. Ons moet hierdie plek, hierdie skuilplek van die kaperbote van die Indiese Oseaan, met wortel en tak uitroei. Kom,





dit is nog nie te laat nie. Ons kan later ons gesigte daar by die Hanekraai gaan wys. Nou gaan ons eers terug na die Seewraak. Heem en Sias sal heelwaarskynlik nog daar wees. Ons hou dadelik kajuitraad.''

,,Dan is jy ernstig!'' roep Henning verbaas uit, want nou kom hy eers agter dat Oloff nie net teen die seerowers uitvaar nie, maar dat hy werkdadiglike optrede beplan.

,,Natuurlik is ek!'' werp Oloff terug. ,,Deelenbaai moet verwoes word.''

,,Dit is maklik gesê, Oloff. Maar waar gaan jy die vloot en die leër vind om hierdie taak aan te pak. Deelenbaai is 'n natuurlike vesting. Daar is gedurig talle kaperbote—en die wreedste bemannings wat nog ooit op die see gevaar het. Hulle sal veg tot die dood toe, want daar kan vir hulle in elk geval geen genade wees nie. Ek twyfel daaraan of enige land oor 'n vloot beskik wat Deelenbaai kan inneem.''

,,Jy oordryf,'' sê Oloff kalm. ,,Dit is nie heeltemal so erg nie.''

,,Ek gee toe dat ek dalk vergroot,'' erken Henning. ,,Maar jy weet tog dat die Deelenbaaiers lank voor die tyd sal weet as 'n sterk vloot op die hawe afpyl. Hulle sal hulle eenvoudig uit die voete maak en elders gaan vestig of ter gelegener tyd weer terugkom.''

,,Dit neem ek in ag.'' Oloff maak 'n ongeduldige gebaar met sy hande. ,,Daar is ander maniere waarop ons te werk kan gaan!'' roep hy dan uit. ,,Dit sal noodgedwonge 'n stadiger proses moet wees, maar dit kan gedoen word. Ons gaan aan boord, Henning, en bespreek die saak met Heem en Sias.''

Henning stribbel nie verder teë nie. Hy besef dat Oloff graag met sy eie gedagtes wil besig wees en hy weet dat hy genoeg geleentheid sal hê om sy besware te opper sodra die vier van hulle vergader het.

Hulle bereik die strand en die skeepsboot van die Seewraak. Die bemanning wat daar op hulle kaptein gewag het, stoot die skuit tussen die klein branders in en gryp die spane.

Met Oloff se woorde in sy gedagte kyk Henning om hom heen. In

die hawe lê sowat twintig groot kaperbote, want hier in Deelenbaai kom die seerowers rus ná 'n strooptog op die handelsroete na die Ooste. Elke keer as hulle 'n skip teëkom wat beter as hul eie is, probeer hulle dit so min as moontlik beskadig sodat hulle dit kan buit. Die gevolg is dat die seerowervloot van Deelenbaai uit 'n versameling pragskepe bestaan. Tussen hulle lê die Seewraak en die Jansje Meer voor anker en van almal is hulle vaartbelynde rompe die treffendste.

Weerskante van die hawe strek 'n reeks heuwels tot in die see. Dit omsluit Deelenbaai soos 'n perdeskoen en vorm dus 'n natuurlike beskutting teen 'n aanval oor land. Feitlik op die strand is die dorp met sy plat, lomp kleigeboue. Naaste aan die waterkant is die groot skure waar voedselvoorrade en die buit van die rowers bewaar word. Daaragter in die middedorp lê die vermaaklikheidsplekke en die tapperye langs die hoofstraat. Rondom is woonhuise, want baie van die seerowers het gesinne wat in Deelenbaai woon. Links van die dorp is die groot slawekamp waaruit arbeid gevind word om die uitgestrekte tuine en boorde tot teen die hange van die heuwels te bewerk. Deelenbaai is dus selfonderhoudend sodat dit niks sal baat om die plek te beleër en die hawe te blokkeer nie.

Die gemeenskap word met 'n ysterhand regeer deur 'n massiewe seerowerkaptein, wat die Admiraal genoem word. Alhoewel hy self nie meer op strooptogte uitgaan nie, het hy sy eie groot vloot. Die ander kapteins wat van die hawe gebruik maak, moet 'n gedeelte van hul buit aan hom betaal vir sy beskerming. Hy lê wette neer—die paar wat wel nodig is om die bietjie noodsaaklike orde te handhaaf.

Henning skud sy kop mismoedig. Hy hoop nog dat Oloff nie ernstig was met sy opmerkings nie. Sedert hulle teen die seerowers te velde getrek het, het die kaperbedryf heelwaarskynlik meer skade aan hulle hande gely as uit alle ander oorde. Nou lyk dit asof Oloff groter dinge beplan.

Die wagte aanboord die Seewraak help hul kaptein deur die kantreling. Oloff groet hulle vriendelik en voordat hy na die agterkasteel stap, versoek hy Henning om Heem en Sias te ontbied.





In die gang voor die groot en gerieflike kapteinskajuit loop hy sy getroue lyfbediende, Mamoed, die Maleierslaaf, raak. Mamoed glimlag breed in verwelkoming. Hy het Oloff se vader, Johan van Wagenaar, senior koopman aan die Kaap die Goeie Hoop, gedien totdat hy aan die hande van seerowers gesterf het. Daarna het hy sy jong meester gevolg en in 'n mate 'n vaderlike rol teenoor hom gespeel.

,,Ek sal bly wees as jy vanaand voor die deur sal wag hou, Mamoed,'' versoek Oloff. ,,Ons wil sake bespreek waarvan nie eens my eie bemanning moet weet nie.''

Mamoed knik. Oloff weet dat sy geheime veilig sal wees.

Skaars het Mamoed die lampe aangesteek en Oloff 'n paar van die ruite in die groot komvenster bo die agterstewe opgeskuif, of Henning-hulle sluit by hom aan. Oloff groet Heem en Sias en beduie dat hulle moet sit.

Henning sak weg in die sagte kussings op die bank onder die venster. Hy beskou Oloff aandagtig en besluit om nie te praat voordat sy leier en vriend die saak aanroer nie.

Hy sien die frons op Oloff se hoë voorkop. Soos gewoonlik en soos die mode onder die offisiere in Deelenbaai is, is Oloff fyn uitgevat. Sy natuurlike, ongepoeierde rooi hare is netjies met 'n lint agter sy nek saamgevat. Sy blou oë tuur by die venster uit op die stil water van die hawe waar die lig van die kajuit en van die lampe op die agterstewe in die effense deining weerkaats word.

Henning kyk na die ander twee. Ook hulle hou Oloff angstig dop asof hulle weet dat hulle nie sommer vir 'n geselsie ingeroep is nie.

Die groot bebaarde kanonnier van die Seewraak, Heem Beyers, vang Henning se oog. Henning sien die vraag daarin en hy lig sy wenkbroue asof hy wil te kenne gee dat hy net so min as Heem weet wat aan die gang is.

Hy strek sy lang bene gemaklik uit. Die jong stuurman, Sias Myburgh, knik in Oloff se rigting, maar Henning skud sy kop.

,,Henning het julle seker al gesê waarom ons bymekaargekom

het,'' sê Oloff uiteindelik.

,,Nee,'' antwoord Heem met sy diep basstem. ,,Ons sit en wag hier in spanning.''

Oloff glimlag. Dadelik is hy egter weer ernstig.

,,Deelenbaai moet geheel en al vernietig word!'' sê hy met nadruk.

,,O.'' Sias haal sy skouers op. ,,Is dit maar al?''

,,Ek is heeltemal ernstig,'' keer Oloff sy ligsinnige bui.

,,Wie gaan dit doen?'' verneem Heem droog. ,,Ons vier?''

,,Ek het so 'n houding van julle verwag,'' erken Oloff. ,,Henning het my ook al probeer oortuig dat dit 'n onbegonne taak is. Ek stem nie met hom saam nie. Ek dink tog dat ons kan slaag as ons met verdrag te werk gaan.''

,,Maar dit is juis wat ons op die oomblik doen!'' roep Henning uit. ,,Ons is stelselmatig besig om die kapers op die oop see aan te val en te laat sink.''

,,Ek weet. Maar nie op so 'n skaal dat ons eintlik veel indruk op hulle getalle maak nie. Daar is gedurig ander wat die leemtes aanvul. Boonop het ons tot dusver 'n dubbele rol gespeel. Ons moes altyd versigtig wees dat niemand agterkom dat ons teen die seerowers gekant is nie. Ook het ons nog nooit 'n kaperboot koelbloedig die dieptes ingestuur nie—altyd net wanneer ons hulle op heterdaad betrap waar hulle die onskuldige handelsvaarders bedreig.''

,,Maar ek verstaan nie, Oloff,'' meen Heem. ,,Hier in Deelenbaai beklee jy die ideale posisie om jou stryd teen die seerower-euwel voort te sit. Jy is 'n gesiene kaptein—jy sit aan die regterhand van die Admiraal. Omdat hulle dink dat ons ook van hulle soort is, vind ons uit wat hulle planne is. Dit stel ons in staat om hulle te agtervolg en òf aan te val òf dan ten minste te verhoed dat hulle skade aanrig.''

,,Ja! Ja!'' roep Oloff ongeduldig uit. ,,Maar dit is 'n onbevredigende toedrag van sake. Ons leef gedurig in die gevaar dat ons ware identiteit ontdek sal word. Ons kan nie openlik en met





volle krag optree nie.''

,,Is jou plan dan nou om die kaperbote openlik aan te val?''

,,Ja.''

,,En wat sal dit ons help?''

,,Ons stel as ons doelwit die verwoesting van Deelenbaai. Om dit te bewerkstellig moet ons hul kragte verswak—ons breek ons doelwit dus op in onderafdelings. Ons voer dit die een na die ander uit en uiteindelik sal ons Deelenbaai in ons mag hê.''

,,Maar jy besef dat baie van die kapteins tot tien skepe in hulle vlote het,'' sê Henning ernstig en Oloff besef dat hulle sy voorstel nie meer as onprakties beskou nie. ,,As ons hulle openlik aanval en ons ly 'n nederlaag dan is ons dubbelspel in Deelenbaai natuurlik beëindig.''

Oloff tuit sy lippe. Hy haal sy skouers op.

,,As dit dan moet gebeur dan wag ons hulle eenvoudig op die oop see in. Dit sal natuurlik veel beter wees as ons vrye toegang tot Deelenbaai het. Maar dit sal immers nie die ergste wees wat met ons kan gebeur nie.''

,,Ja,'' sê Heem. ,,Hulle doen dalk met ons wat ons nou van plan is om met hulle te doen. Maar,'' en hy kom rats orent, ,,ek het lus vir die besigheid, Oloff. Met wie gaan ons begin?''

,,Ek weet nog nie. Ek. . .'' Hy swaai meteens om en luister aandagtig. Sy blik is by die venster uit gerig.

Die ander hoor dit ook. In die watervlak onder die agterstewe is 'n gespartel soos dié van iemand wat nie goed kan swem nie en wat wild rondslaan om bo water te bly.

Hulle leun by die oop ruite uit. In die dowwe gloed sien hulle die gestalte onder hulle.

,,Help!'' Die stem is vol vrees en die man klink uitgeput. ,,Help my! Ek. . . ek kan nie swem nie!''

Reeds is Oloff by die kajuitdeur. Hy nael in die gang af en op die middeldek uit. Die skeepsboot lê nog onder die leer en daar is van die bemanning op die dek.

Hulle spring na die kantreling toe Oloff 'n bevel uiter. Dadelik